DR. A. SZEKERES, *Theologie en Wijsbegeerte*, Boekencentrum, 's-Gravenhage-Brussel, s.j.

Bostaande werkie is 'n rede wat uitgespreek is deur *Dr. A. Szekeres*, 'n gebore Hongaar, by die aanvaarding van die amp van hoogleeraar aan die Protestantse Teologiese Fakulteit te Brussel op die 18de Desember 1955. Die praktiese vraag wat agter hierdie besinning lê, is naamlik: „Watter sin het dit vir aanstaande predikante om ingelei te word in die probleemgeskiedenis van die wysbegeerte en ander wysgerige vakke?" (Bls. 1).

Eerstens behandel die referent die Rooms katolieke Kerk se erkenning en aanvaarding van die Aristotelies-Thomistiese wysbegeerte as die offisiëel-kerklike wysbegeerte, en trek dan daaruit sekere konsekwensies.

Tweedens handel hy oor die negatiewe, afwysende houding binne sekere protestantse kringe t.o.v. die wysbegeerte, wat verskillende gronde kan hê, bv. „eerlijke bezorgdheid voor de vrijheid en zelfstandigheid van het Woord Gods", maar ook 'n piëtistiese lewensgesteldheid én onwetendheid.

Hierteenoor stel die skrywer dat die denke nie net 'n wysgerige probleem is nie, maar seerseker ook 'n teologiese probleem. Hy verduidelik soos volg: Teologie is die vertaling van die eeu-oue Bybelboek vir die moderne mens met inagneming van die bybelse denkwêreld, die Kerk- en Dogmengeskiedenis én die denkwêreld van die moderne mens. Indien

ons Teologie só opvat, is dit duidelik dat die denke en wysgerige navorsing nie ontbeer kan word nie. Niemand kan bv. Augustinus reg verstaan sonder Plato en die Neo-Platonisme nie, Thomas sonder Aristoteles, die 19de eeu sonder Kant en Hegel en die dialektiese teologie sonder Kierkegaard nie.

Verder: „Tussen Bijbel en Bijbeluitleg staat de mens met zijn *eigen* begripsapparaat en uitdrukkingsvermogen." (Bls. 5). Terwille van die relativering en begrensing van ons menslike denkarbeid in die teologie, is wysgerige ondersoek na hierdie begripsapparaat en uitdrukkingsvermoë noodsaaklik — nie om die eksegese spekulatief-wysgerig te maak nie, maar juis om dit so objektief as moontlik te hou.

Ook vir die verstaan van die moderne mens „kan het bestuderen van de moderne wijsgerige stromingen aan Kerk en theologie grote diensten bewijzen (bls. 7), o.a. die studie van die eksistensiefilosofie as „een uiting van het moderne tijdbesef en levensgevoel" (bls. 8).

Ten slotte trek *Dr. Szekeres* dan uit bostaande enkele konklusies „over de mogelijkheid van een zinvolle *gedachtenwisseling* tussen het theologiseren en het filosoferen" (bls. 9).

Hierdie werkie is helder en eenvoudig. 'n Mens sou graag wil sien dat die skrywer vanuit hierdie duidelike grond, die tema verder sal ontwikkel.

B. J. ENGELBRECHT.